# AL100

# U HOEF NIE TE STEM NIE!

Bew' AL 100'

Op 22 en 28 Augustus word daar verkiesings gehou.

Baie mense is egter bang. Hulle weet dat die regering wil hê ons moet gaan stem. Mense dink dat iets gaan met hulle gebeur indien hulle nie gaan stem nie. Hiervolg 'n paar vrae waaroor mense graag meer inligting wil hê:

IS DIT 'N MOET DAT EK GAAN STEM?

NEE! Die wet vereis niemand om te stem nie. Dus hoef u nie te stem as u wil nie.

WAT GAAN MET MY GEBEUR INDIEN EK NIE GAAN STEM NIE?

NIKS NIE! Daar word geen rekord gehou van wie gaan stem nie. In elk geval, sal daar baie mense wees wat nie stem nie. Dus sal dit onmoontlik wees vir die regering om enigiets teen enigiemand te doen.

WAT KAN EK DOEN AS MY WERKGEWER MY FORSEER OM TE GAAN STEM?

Niemand mag u forseer om te gaan stem nie, alhoewel party werkgewers wel sal probeer.

NIEMAND HOEF TE STEM NIE!
GEEN WET WORD OORTREE
AS U NIE STEM NIE!

## DIE UNITED DEMOCRATIC FRONT

DIE UDF STAAN VIR:




- 'n verenigde Suid-Afrika waar almal gelyke stemreg sal hê
- werk vir almal en 'n minimum loon van R2 per uur.
- Goeie gesonde behuising vir almal teen huur wat ons kan bekostig
- Vry en verpligte opvoeding vir al ons kinders
- Die afskaffing van Groeps-gebiede en alle apartheids wette
- 'n Einde aan lyding, uitbuiting en onderdrukking

HIERDIE IS DIE GODGEGEWE REGTE VAN AL ONS MENSE. ONS EIS DIT NOU!!

DIE UDF SAL BINNEKORT 'N SAAMTREK IN COLRIDGE!!
KOM NA DIE VERGADERING!!!

Uitgereik deur die UDF. NC. Posbus 1662 Vryburg 8600.

# ONS GAAN NIE STEM NIE!

VRYBURG/KURUMAN AUG 1984




## HET U AL HIEROOR GEDINK?

**SUID-AFRIKA HET 'N "NUWE" BEDELING**

Dus, "Kleurlinge" en "Indiërs" kan nou ook stem. 'n Deur is "oopgemaak. Die kleurlinge kry ook nou "ministers". Daar gaan glo gestry word vir ons regte

HOE LYK DIE "NUWE" BEDELING?

1. In die 3 kamer-parlement sal daar 178 "blankes"
   80 "Kleirlinge"
   40 "Indiers" wees.

Die 120 "Kleurlinge" en "Indiers" teenoor 178 blankes. DAAR-OM SAL "BLANKES" ALTYD IN DIE MEERDERHEID WEES! Bo en behalwe die feite word die grootste gedeelte van die land se bevolking uitgesluit, naamlik die ~~swart mense~~.

## STEM WAARVOOR??

* Stem ons vir ordentlike lone, werksomstandighede en werkgeleenthede vir almal? NEE!
* Stem ons vir behuising, sekuriteit en gerief? NEE!
* Stem ons vir 'n vrye en gelyke opvoeding vir ons kinders? NEE!
* Stem ons vir die regte van alle vredeliewende Suid-Afrikaners om hier te bly en werk waar hulle wil? NEE!
* Stem ons vir vrede en geregtigheid in 'n nie-rassistiese onverdeelde Suid Afrika? NEE!
* Stem ons vir 'n veilige toekoms vir ons kinders? nee! NEE! NEE!




R43 000 vir les Jeneke, terwyl ons armer WORD!

*"Kleurling" en "Indier" ministers wat R75 000 of R43 000 per jaar gaan kry!

*Gratis woonhuise, swart, blink motors en vry vliegtuigkaartjies vir Hendricks Rajbansi Les Jeneke en anders.

WIE BETAAL HIERVOOR?

ONS - met hoë INKOMSBELASTING en A.V.B.

* 3 parlemente beteken dat die apartheid deur die nuwe grondwet verstewig word.

* -Jare lank ly ons onder apartheid. 'n stem op 22 Augustus is 'n STEM VIR APARTHEID!

* 'n Stem beteken dat u seun op die grens doodgeskiet word, terwyl hy apartheid met sy lewe verdedig!

## DAAROM:

BLY WEG VAN DIE STEMBUS!!

APARTHEID VERKIESINGS NEE!

VOORWAARTS NA VRYHEID!



**Collection Number: AK2117**

**DELMAS TREASON TRIAL 1985 - 1989**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-***Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-***Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.